GEMEENTE. LES 17

1	GEBED

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem.
Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2	DEEL (20 minute) *[STILTETYE]* EFESIËRS 6 en FILIPPENSE 1 – 2

Maak beurte en vertel/deel (of lees)kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes geleer het (Efesiërs 6 en Filippense 1 - 2). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3	MEMORISERING (5 minute) *[VOORBEREIDING VIR DIE CHRISTELIKE HUWELIK]* (5) MATTEUS 6:33

Repeteer twee- twee.
(5) Die regte prioriteite. Matteus 6:33. "Beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God , dan sal Hy julle ook al hierdei dinge gee."

4	ONDERRIG (85 minute) *[KERKLIKE FEESDAG]* DIE AANSTELLING VAN KERKLIKE LEIERS

Inleiding. Vergelyk:
- Handleiding 3, Les 34 (Bybelstudie: 1 Petrus 5:1-7)
- Handleiding 4, Les 47 (Die kenmerke van 'n Christenleier/oudste/ouderling)
- Handleiding 4, Supplement 19 (Ontwikkeling van leiers in die kerkgeschiedenis
- Handleiding 4, Supplement 20 (Diakens).

Hierdie onderrig gaan oor die aanstelling van leiers in die Kerk/Gemeente, d.w.s., oor die aanstelling (ordening, bevestiging, inseëning) van die oudstes (ouderlinge, insluitend priesters/ pastore/ dominees/ voorgangers). Onthou dat 'n gemeente uit verskillende huisgemeentes of wyksgemeentes kan bestaan wat almal onder één raad van oudstes/ouderlinge funksioneer.

Deur die aanstelling van leiers word 'n amp aan hulle toegeken. Die woord 'amp' is afgelei van die woord 'ambag'. 'n 'Amp' in die Bybel is 'n openbare taak of bediening waartoe Christus en de ouderlinge van 'n gemeente iemand roep en aanstel (bevestig). Voorbeelde van ampte is: oudste (ouderling, priester), sendeling, prediker (predikant)/ pastor/ herder, evangelis, leraar, diaken, groepleier, jeugleier, ens. Behalwe die amp van ouderling is hierdie ampte NIE die leiers van die gemeente nie, maar funksioneer in hulle take onder leiding van die raad van ouderlinge!

'n Amp is 'n bediening om 'n bepaalde taak uit te voer en waaraan verantwoordelikhede, gesag en vertroue toegeken word, met die verpligting/verwagting om verantwoording te doen. Dit is nie 'n posisie bó die ander Christene nie, omdat leierskap in die Bybel altyd gedeelde leierskap en dienende leierskap is, in teenstelling tot individue/leiers wat in die wêreld outoritêr en heersend is.

Ons sal eers die vereiste kwalifikasies en take van ouderlinge saamvat en dan leer hoe ouderlinge gekies en aangestel (bevestig, georden) moet word as die leiers in die gemeente.

A. DIE BYBELSE KWALIFIKASIES VIR OUDERLINGE

Lees 1 Timoteus 3:1-7; Titus 1:6-9.
Ontdek en bespreek. Wat is die vereiste kwalifikasies vir ouderlinge?
Aantekeninge. Manne mag net gekies en aangestel (bevestig) word as hulle aan die vereiste Bybelse kwalifikasies voldoen. Die kwalifikasies vir ouderlinge kan in drie onderafdelings verdeel word:

1. Sy persoonlike gedrag.

Hy moet sy verlangens/begeertes, gevoelens en temperament kan beheer. M.b.t. geldsake moet hy eerlik wees en aardse besittings moenie sy enigste doel in die lewe wees nie.

2. Sy gesinslewe.

M.b.t. die vroulike geslag moet hy ’n voorbeeld wees van trou aan sy eie vrou. As hy nog ongetroud is, moet hy ’n voorbeeld stel van reinheid teenoor almal. As hy kinders het, moet hy hulle lei om in Jesus Christus te glo en Hom te gehoorsaam en hul ouers te eer.

3. Sy bekwaamhede vir die bediening.

M.b.t. volwassenheid, mag hy nie ’n jong of onvolwasse Christen wees nie. M.b.t. die Bybel, moet hy vashou aan die gesonde leer en in staat wees om die Bybel te kan gebruik om God se Woord te verkondig, te onderrig en mense te lei.

B. DIE BYBELSE TAKE VAN OUDERLINGE

1. Die eerste taak van die ouderlinge is om herders of pastors van God se kudde te wees.

Lees Handelinge 20:28-31; 1 Petrus 5:2.
Ontdek en bespreek. Wat is die verantwoordelikhede van herders of pastors in die gemeente?
Aantekeninge. Die ouderlinge is aangestel om die herders/pastors (Grieks poimenas) en die opsieners (Grieks: episkopoi, biskoppe) van die gemeente te wees, net soos Jesus Christus die Goeie Herder, Opperherder en Opsiener (Biskop) van die wêreldwye Kerk/Gemeente is (1 Petrus 2:25; Psalm 23). Saam as ’n span moet die ouderlinge die gemeentelede as herders oppas (Grieks: poimainó), d.w.s. voed, beskerm, versorg en lei sodat dit goed met hulle kan gaan en hulle kan groei. Die ouderlinge is saam verantwoordelik vir die swakker en behoeftige lede (soos weduwees, wese, vlugtelinge en nuwe bekeerlinge) (1 Timoteus 5:16). Hulle bid saam vir die siekes (Jakobus 5:14-15). Saam waak hulle met oop oë teen valse leraars, outoritêre leiers en wolwe wat die skape van die kudde probeer mislei (Handelinge 20:29-31). Elke ouderling is ook die opsiener oor die ander ouderlinge (Handelinge 20:28). Op hierdie wyse staan alle Christene, leiers sowel as gemeentelede, in ’n posisie met verantwoordelikheid en om verantwoording te doen teenoor iemand anders. Die ouderlinge moet hulle taak uitvoer, nie deur ’n heersers- posisie in te neem nie, maar deur te dien (vergelyk: voetewassing in Johannes 13:12-16). Geen gemeente in die Bybel het net één herder/pastor/dominee gehad nie. Alle ouderlinge in die raad van ouderlinge is herders/pastors met verskillende pastorale verantwoordelikhede.

2. Die tweede taak van ouderlinge is om beheerders (bestuurders) van God se huishouding te wees.

Lees 1 Tessalonisense 5:12-15; 1 Timoteus 3:5; 5:17; Titus 1:7.
Ontdek en bespreek. Wat is die verantwoordelikhede van beheerders/bestuurders in die gemeente?
Aantekeninge. Die ouderlinge is aangestel om die voorgangers/leiers (Grieks: prohistamenoi) en die beheerders/bestuurders (Grieks: oikonomoi) van die gemeente te wees. As ’n span moet die ouderlinge saam veral die aktiwiteite en besittings van die gemeente as huishouding (Grieks: oikos) bestuur en beheer (Grieks: prohistémi). Dit is die taak van die ouderlinge en nie van die diakens nie.

- In die briewe aan die Tessalonisense en Timoteus word die verantwoordelikheid van die ouderlinge omskryf as bestuur of beheer in die sin van *voor loop en die voorbeeld stel* (Grieks prohistémi) in die sake van die gemeente.
- In die brief aan Titus word die verantwoordelikheid van die ouderlinge omskryf om die administrateur (bestuurder, beheerder, ekonoom) (Grieks: oikonomos) van ‘n huishouding (Grieks: oikos) te wees.

Maar die leierskapstyl van die ouderlinge mag nie één wees van heers of heerskappy voer oor die mense wat aan hulle toevertrou is nie. Hulle moet leiding gee deur hulle voorbeeld (1 Petrus 5:2-3). As ’n ouderling sy eie huisgesin (familie) nie goed bestuur nie (1 Timoteus 3:4-5) of sy vrou en kinders het meer aandag nodig, dan moet hy sy prioriteite verander of sy amp as ouderling neerlê ten einde aan hulle die nodige aandag te gee. Daar moet ’n gesonde balans tussen al sy verantwoordelikhede wees.

Die volgende funksies of take met betrekking tot mense en aktiwiteite val onder die leiding en bestuur van die ouderlinge. Natuurlik moet ouderlinge baie take delegeer aan die gemeentelede, maar die ouderlinge bly verantwoordelik vir hierdie take en is verantwoording aan die Here en aan die raad van ouderlinge verskuldig!

(1) Die ouderlinge lei die byeenkomste van die gemeente.

Hulle bevorder en lei die weeklikse byeenkomste soos die erediens en die byeenkomste van kleiner groepe vir Bybelstudie, gebed en gemeenskap (Handelinge 2:42). Hulle bevorder en lei ook die spesiale byeenkomste soos doop en Nagmaal, die kerklike feeste, huwelike, begrafnisse, huisbesoeke en byeenkomste om die gemeentelede toe te rus.

(2) Die ouderlinge lei die sendingtaak van die gemeente.

Hulle stimuleer die gemeentelede om vir die mense in die wêreld te bid (1 Timoteus 2:1-2), ’n goeie invloed in die samelewing te hê (Matteus 5:14-16) en evangelisasie te doen, sowel in die familie as ook daarbuite (Matteus 10:32-37; Handelinge 5:42). Hulle bevorder die sending na ander provinsies en lande. Hulle ondersteun gemeentes wat verdruk en vervolg word, asook ander christelike organisasies (Romeine 15:23-24; Filippense 1:5; 4:15-16; 3 Johannes 5-8) (*Lees* 2 Korintiërs 8).

(3) Die ouderlinge lei die opleidingsprogramme van die gemeente.

Hulle lei die groep vir belydenis en dooponderrig. Hulle sorg daarvoor dat alle nuwe gelowiges nasorg ontvang, en dat alle gemeentelede tot dissipels van Jesus Christus gemaak word en toegerus word vir verskillende take in die liggaam

van Christus (Efesiërs 4:11-14). Hulle sorg dat daar opleiding gegee word aan die leiers in die volgende groepe: evangelisasie, dissipelmaking, sending, sondagskool, tiener- en jeugklubs, pastoraat, diakonie en ander kringe.

(4) Die ouderlinge sorg dat die gemeentelede goed funksioneer.

Hulle spoor alle gemeentelede aan tot liefde in hulle verhoudings, goeie werke in hulle aktiwiteite en trou in die onderlinge byeenkomste (Hebreërs 10:24-25). Hulle spoor alle gemeentelede aan om 'n taak in die plaaslike gemeente te hê wat pas by hulle talente en geestesgawes of wat Jesus hulle toegewys het. Hulle help die gemeentelede om hulle talente en gawes te ontdek en sorg vir moontlikhede om hierdie mense in verskillende bedieninge te plaas. Hulle is verantwoordelik vir die gedrag van die gemeentelede en vir ordelike gebruik van geestesgawes (Romeine 12:3-8; 1 Korintiërs 12:4-7; 14:26-40; 1 Tessalonisense 5:19-21; 1 Timoteus 4:14; 2 Timoteus 1:6; 1 Johannes 4:1). Hulle stimuleer en hou toesig oor persoonlike hulp aan die gemeentelede (Handelinge 18:24-28). Hulle vermaan, korrigeer en bemoedig die gemeentelede op geduldige wyse en deur onderrig (2 Timoteus 4:1-5; Titus 2:15). Hulle organiseer die pastorale sorg in die gemeente (1 Tessalonisense 5:12-15). En hulle handhaaf die christelike tug (Matteus 18:15-17; vergelyk 1 Korintiërs 5:9-13).

3. Die derde taak van die ouderlinge is om die leraars van God se Woord te wees.

Lees 1 Tessalonisense 5:12; 1 Timoteus 3:2; 5:17 en Titus 1:9.
Ontdek en bespreek. Wat is die verantwoordelikhede van die leraars van God se Woord in die gemeente?
Aantekeninge. Die ouderlinge is aangestel om die leraars (Grieks: didaskaloi) in die gemeente te wees. Die ouderlinge moet saam as 'n span veral die Bybel gebruik om te preek, te onderrig, te adviseer, te waarsku en te bemoedig.

(1) Die verantwoordelikheid van die raad van ouderlinge m.b.t. die Bybel is die volgende:

- Die ouderlinge verkondig (preek) God se Woord aan nie-Christene en Christene (1 Timoteus 5:17).
- Die ouderlinge gebruik die Bybel om gesprekke met nie-Christene en Christene te voer oor Christus en die evangelie (Handelinge 17:1-4,11).
- Die ouderlinge onderrig die gemeentelede in die hele wil (raadsplan) van God soos dit in die Bybel geopenbaar word (Handelinge 20:20,27).
- Die ouderlinge leer die gemeentelede om Christus en God se Woord te gehoorsaam (Matteus 28:20).
- Die ouderlinge vermaan of ingraveer (bring) God se Woord in die denke en harte van mense (Kolossense 3:16), bemoedig die moedeloses, waarsku die onverskilliges en luies (1 Tessalonisense 5:12-15) en onderrig met sagmoedigheid mense wat hulle verset (2 Timoteus 2:23-26).
- Die ouderlinge bespreek en besluit oor leerstellige sake (Handelinge 15; 2 Timoteus 1:13) en wys valse leraars streng tereg (Titus 1:13).

(2) Dit is nie noodsaaklik dat ouderlinge in Bybelskole of Teologiese opleidingsinstellinge opgelei word nie en ook nie dat hulle noodwendig voltyds aangestel word nie.

Die ouderlinge in die Nuwe Testament was deurgans nie voltydse voorgangers of pastore, predikers of leraars nie. Nietemin behoort 'n ouderling "bekwaam te wees om (die Bybel) te onderrig" (1 Timoteus 3:2) en moet hy "hom hou aan die betroubare Woord ooreenkomstig die leer, sodat hy by magte is om andere te bemoedig deur die gesonde onderrig en ook die teenstanders kan weerlê" (Titus 1:9)!

Sommige ouderlinge in die Nuwe Testament was hoofsaaklik predikante en leraars (1 Timoteus 5:17), maar die Bybel sê glad niks daarvan dat hulle voltyds aangestel was nie! Die Bybel ken nie die moderne verskynsel van Teologiese- en Bybelskole nie. Die Bybel leer ook nie dat nét die ouderlinge, wat een of ander formele opleiding in 'n Teologiese- of Bybelskool gehad het, die gesag of bekwaamheid het om God se Woord te verkondig en te onderrig nie. Alle Christene word aangespoor om God se Woord aan andere te leer, dissipels te maak en mense m.b.v. God se Woord aan te spreek (Kolossense 3:16; vergelyk Matteus 28:19).

Hoewel sommige Christene Timoteus en Titus beskou as moderne voltydse voorgangers of pastore van gemeentes, was Timoteus en Titus méér as dit. Hulle het baie wyd saam met die apostel Paulus gereis en was eerder sy medewerkers of sendelinge as pastore (voorgangers, dominees)! Selfs Timoteus en Titus was nie opgelei in 'n Teologiese- of Bybelskool nie, maar het in-diens-opleiding van die apostel Paulus ontvang, net soos die apostels dit van Jesus Christus ontvang het!

(3) Ouderlinge wat jonk is het eweveel gesag.

Hoewel 'n wedersydse onderdanige houding noodsaaklik is vir sowel ouer as jonger manne in die gemeente (1 Petrus 5:5), het die jonger ouderlinge vanweë hulle amp die verantwoordelikheid en gesag ontvang om alle gemeentelede te onderrig, te weerlê, te verbeter en te berispe, indien nodig, selfs gemeentelede wat ouer as hulle is (1 Timoteus 1:3-5; 4:11-13; 5:20; 2 Timoteus 2:22-26). Nietemin behoort ouderlinge met respek met mekaar en met gemeentelede om te gaan (1 Timoteus 3:2; 5:1-2; Titus 1:7).

4. Die vierde taak van die ouderlinge is om dienaars van God en mense te wees.

Lees. In Matteus 20:25-28 leer Jesus: "Julle weet dat dit by die nasies so is dat die regeerders oor hulle baasspeel, en dat die groot manne die mag oor hulle misbruik. Maar by julle moet dit nie so wees nie. Elkeen wat in julle kring groot wil word, moet julle dienaar wees; en elkeen wat onder julle die eerste wil wees, moet julle slaaf wees. So is dit ook met

die Seun van die mens: Hy het nie gekom om gedien te word nie maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense."

En in 1 Petrus 5:1-3 leer die apostel Petrus: "As mede-ouderling ....dring ek by die ouderlinge onder julle daarop aan...: Pas op (letterlik: julle moet herders/pastors wees van)(Grieks: poimanate) die kudde van God wat aan julle toevertrou is goed op. Hou toesig oor hulle (letterlik: wees opsieners/biskoppe) (Grieks: episkopountes), nie uit dwang nie, maar gewillig soos God dit verwag; nie om eie gewin nie, maar uit toegewydheid; ook nie deur baas te speel (Grieks: me katakurieuó) oor dié wat God aan julle sorg toevertrou het nie, maar deur 'n voorbeeld vir die kudde te wees."

Ontdek en bespreek. Wat is die verantwoordelikhede van die **ouderlinge** in de gemeente?
Aantekeninge. Die ouderlinge is aangestel om dienaars (Grieks: diakonoi) te wees, en nie heersers oor die gemeente nie. Saam moet die ouderlinge as 'n span veral 'n voorbeeld wees van dienaars, van mense wat in die gemeente bereid is om *die onbenulligste werk* te doen (soos stowwerige voete te was) en vrywillig die take te doen wat andere *nie kan of nie wil* doen nie. Hulle is ywerig om take wat tot die welsyn van andere dien, uit te voer.

Dien/Diensbaarheid is nie maar net 'n taak/verantwoordelikheid nie, maar ook *die kenmerkende houding en leefstyl* van die ouderlinge/leiers van die gemeente (1 Korintiërs 3:5)! Die woord 'dienaar' is 'n samevatting van al hulle verantwoordelikhede en moet die ouderlinge daaraan herinner dat hulle hul verantwoordelikhede as herders/pastors van die gemeentelede, as bestuurders/beheerders van die gemeentelike aktiwiteite en as leraars van God se Woord in die gemeente te alle tye moet uitvoer, *nie vanuit 'n heersersposisie nie, maar as 'n dienspunt/dienaar*! Jesus Christus is die Opperherder en Biskop van die wêreldwye Kerk/Gemeente (1 Petrus 2:25), die Meester en Here van elke Christen (Johannes 13:13) en die Koning van alle konings in die wêreld (Openbaring 19:16), maar het aan die apostels, aan alle ander leiers in die Kerk/Gemeente en aan alle leiers in die wêreld die voorbeeld van die nederigste Dienaar gegee, sodat hulle almal sou doen soos Hy vir hulle gedoen het (Johannes 13:14-15)! Dien (d.i. voete was) is 'n samevatting van die leierskapstyl van die ouderlinge en is radikaal die teenoorgestelde van die leierskapstyl van die leiers in die wêreld. Die ouderlinge is bereid om vrywillig ywerige dienaars van God en van mense te wees! Beide Jesus Christus en die apostel Petrus verbied die leiers onder Christene om te heers oor die mense wat God aan hulle toevertrou het. In plaas van te lei deur bevele te gee, moet die leiers onder die Christene lei deur vóór te loop en 'n voorbeeld te stel. In plaas van te eis dat die gemeentelede hulle as leiers sal dien, moet die leiers die gemeentelede dien sodat hulle hul beste vir Christus kan gee en wees (Markus 10:45; Lukas 22:25-27).

C. DIE AANSTELLING VAN OUDSTES (INSLUITEND VOORGANGERS/PASTORE)

Inleiding. Elke gemeente behoort die beginsels van die Bybel te volg by die verkiesing en aanstelling van oudstes (ouderlinge, voorgangers/pastore, priesters/dominees, bestuurders/beheerders, leraars en ander kerklike leiers).

1. Die basis vir die verkiesing van ouderlinge.

Lees 1 Timoteus 3:14-15; 1 Timoteus 3:1-7.
Ontdek en bespreek. Op watter basis moet ouderlinge gekies word?
Aantekeninge. Ouderlinge moet op basis van die Bybel en op die basis van hoe hulle in die gemeente funksioneer, gekies word.

(1) Die Bybel.

Die kies van ouderlinge moet op grond van die vereiste Bybelse kwalifikasies en hulle bekwaamheid om bepaalde take te verrig, gedoen word (1 Timoteus 3:1-7; Titus 1:5-9; 1 Petrus 5:1-4).

(2) Demonstrasie.

Die manne wat nou al/reeds hulle bekwaamhede om te lei demonstreer/toon (bewys) deur hoe hulle al in die gemeente leef en dien (Lukas 16:10) en deur hoe God hulle bediening seën (2 Korintiërs 10:18; Filippense 2:22), is die beste kandidate vir die amp van ouderlinge. Niemand mag homself aanstel as oudste (of pastor) van 'n gemeente nie. 'n Broeder mag hom vrywillig aanbied om as ouderling gekies te word, maar dan moet hy wel volgens die Bybel kwalifiseer en moet die gemeente hom van harte kan kies en aanstel (1 Timoteus 3:1).

2. Die verkiesing van ouderlinge in die Nuwe-Testamentiese Joodse gemeentes.

Lees Handelinge 2:42; Handelinge 6:1-4; Handelinge 15:2; 1 Petrus 5:1; 3 Johannes 1.
Ontdek en bespreek. Hoe is die eerste oudstes/ouderlinge van die Nuwe-Testamentiese Joodse gemeentes gekies?
Aantekeninge. In die Nuwe-Testamentiese periode, na Pinkster, het die eerste dissipels van Jesus Christus aangegroei tot die eerste plaaslike gemeente in Jerusalem. Daar is baie meer gemeentes onder die Jode en Samaritane gestig (Handelinge 8:4-5; 9:31; 11:19; Jakobus 1:1; 5:14). Die eerste ouderlinge van die gemeente van Jerusalem was heel waarskynlik gekies uit dieselfde soort mense as die ouderlinge van Israel in die Ou-Testamentiese periode, naamlik, uit die hoofde van families en uit ander invloedryke manne. Hulle was waarskynlik deur die gelowige gemeentelede gekies soos hulle ook die eerste diakens gekies het (Handelinge 6:1-7). Lukas (Handelinge 6:4), Petrus (1 Petrus 5:1) en Johannes (3 Johannes 1) sê duidelik dat die apostels van Jesus Christus as ouderlinge in die plaaslike gemeentes gefunksioneer het. Hulle het as 'medeouderlinge' (1 Petrus 5:1) nie in enige hoër posisie as ander ouderlinge gefunksioneer nie! Die belangrikste take van die ouderlinge was gebed en die bediening van die Woord (Handelinge 6:4).

3. Die verkiesing van ouderlinge in die Nuwe-Testamentiese nie-Joodse gemeentes.

Lees Handelinge 14:23; Titus 1:5.
Ontdek en bespreek. Hoe is die eerste ouderlinge van die Nuwe-Testamentiese nie-Joodse gemeentes gekies?
Aantekeninge. Die Joodse Christene van vóór 34 n.C. (Handelinge 8:4; 11:20), die apostel Paulus van 37 n.C. af (Handelinge 9:30; 15:12; 14:23) en die apostel Petrus van 40 n.C. af (Handelinge 10) en hulle medewerkers het die eerste plaaslike gemeente onder die nie-Joodse volke gestig. Vergelyk dít met moderne sendelinge, kerkplanters/gemeentestigters. Die geskrifte van die apostels toon duidelik aan dat die ouderlinge gekies is om die gemeente te lei (Handelinge 14:23; Titus 1:5). In die Nuwe Testament was daar nêrens net één ouderling (priester, voorganger, pastor, dominee, leraar, ens.) in 'n gemeente nie, maar altyd meer as een ouderling, 'n raad van ouderlinge wat leiding aan die gemente gegee het (1 Timoteus 4:14). Die ouderlinge moet ook toesig op/oor mekaar se lewe en bediening hou (Handelinge 20:28).

(1) Die verkiesing van ouderlinge in nuwe gemeentes.

In die nuwe gemeentes wat gestig is, was dit die apostels en hulle medewerkers (die sendelinge) wat die eerste raad van ouderlinge aanstel het (Handelinge 14:23; Titus 1:5).

(2) Die verkiesing van ouderlinge in gevestigde gemeentes.

In die gevestigde gemeentes was dit die bestaande raad van ouderlinge wat die gemeentelede gelei het om nuwe ouderlinge aan te stel. Omdat die gemeentelede deel geneem het aan die verkiesing van 'n apostel (Handelinge 1:15-26) en aan die verkiesing van diakens (Handelinge 6:1-7), is dit heel waarskynlik dat hulle ook deel geneem het aan die verkiesing van ouderlinge. Die bestaande raad van ouderlinge het hulle gelei in die verkiesing deur die aandag te vestig op die vereiste Bybelse kwalifikasies en die vereiste bekwaamhede in take (Handelinge 6:2-4).

(3) Die verkiesing van ouderlinge wat vrug gedra het.

In die Nuwe Testament was dit die apostels, hulle medewerkers en die gemeentelede wat kon sien watter manne die Heilige Gees toegerus het en hulle laat uitstaan het in take wat ouderlinge uitvoer (Handelinge 20:28). Hierdie manne het in hulle lewe en bediening bewys dat hulle die taak van 'n ouderling kan uitvoer (2 Korintiërs 10:18; Lukas 16:10-12).

- In Lukas 16:10 sê Jesus: "Wie in die kleinste dinge (in klein verantwoordelikhede) betroubaar is, is ook in die groot dinge betroubaar (Hy kry van die Here ook groter verantwoordelikhede)."
- En in 2 Korintiërs 10:18 sê Paulus aan die gemeente in Korinte: "Die man wat die proef deurstaan het, is nie die een wat homself prys nie, maar die een wat deur die Here geprys word."

(4) Die verkiesing van ouderlinge moet nie plaasvind deur demokraties te stem nie.

Ouderlinge is nie gekies deur (demokraties) te stem nie, maar in ooreenstemming met:

- die vereiste Bybelse kwalifikasies vir ouderlinge
- die vereiste bekwaamhede om Bybelse take uit te voer
- en hoe hulle lewe en bediening al in die gemeente funksioneer en 'n seën vir andere was.

Hulle is gekies deur algemene instemming van die gemeentelede m.b.t. tot hierdie beginsels en aangestel (bevestig) deur die bestaande leiers (aanvanklik die sendelinge en daarna die bestaande raad van ouderlinge).

In Handelinge 14:23 is die nuwe ouderlinge gekies deur die opsteek van hande (Grieks: cheirotoneó) soos beamptes in die politieke vergadering van Athene gekies is. Maar die woorde kan nie beteken dat die stemmery demokraties verloop het, soos in '*één man één stem*' nie, omdat net Paulus en Barnabas hier die persone is wat dit doen, soos net God die onderwerp is in Handelinge 10:41! Die woord beteken niks meer as 'aanstel' nie. In Titus 1:5 beteken die woord 'aanstel' (Grieks: kathistémi): 'aanstel tot die amp van ouderling'. *Die woord het geen formele kerklike bevestiging in gedagte nie, maar 'n aanstelling tot 'n amp met verantwoordelikheid en gesag, met vertroue en verantwoording wat deur die gemeentelede in elke stad erken word.*

4. Die aanstelling van ouderlinge.

Lees Handelinge 14:23; 1 Timoteus 5:22.
Ontdek en bespreek. Hoe word die ouderlinge aangestel of bevestig in hulle amp?
***Aantekeninge*.**

(1) Ouderlinge moet belowe trou te wees aan die gesonde leer.

Titus 1:9 zegt, " 'n Ouderling "moet vashou aan die betroubare woord waarin hy onderrig is. Dan sal hy in staat wees om ander met die gesonde leer aan te moedig en die argumente van teenstanders te weerlê."
Vóór die oplegging van hande by die uitspreek van 'n seën oor die nuut aangestelde ouderling in die teenwoordigheid van die gemeente, moet hierdie ouderling die volgende vrae beantwoord:

- Bely jy Jesus Christus as Verlosser en Here?
- Glo jy dat die Bybel God se Woord is en die absolute standaard vir alles wat Christene moet glo en doen?
- Glo jy dat Jesus Christus jou tot die amp van ouderling geroep het?
- Beloof jy dat jou taak getrou en in afhanklikheid van Jesus Christus sal uitvoer?
- Is jy bereid om jouself te onderwerp aan die Here Jesus Christus, aan die Bybel, aan die reëls (of statute) van die gemeente, aan die raad van oudstes/ouderlinge en, indien nodig, aan die tug van die gemeente?

Elke nuwe ouderling sou op hierdie vrae positief (JA) moet antwoord.

(2) Die ouderlinge word deur gebed en die oplegging van hande aan die Here opgedra.

Die oplegging van hande *veroorsaak nie* die oordrag van 'n geestesgawe nie, omdat net die Heilige Gees Self geestesgawes gee soos wat Hy wil (1 Korintiërs 12:11). Die oplegging van hande *simboliseer* die oordrag van gesag en geestesgawes wat nodig is vir die uitvoering van die amp (vergelyk Handelinge 6:6; 1 Timoteus 4:14; 2 Timoteus 1:6; Hebreërs 4:2). Maar die Bybel waarsku teen die oorhaastige oplegging van hande (aanstelling van ouderlinge)!

5. Die ampstermyn van ouderlinge.

Lees Handelinge 6:3-6; 8:4-5 en 21:8.
Ontdek en bespreek. Hoe lank sou die ampstermyn van 'n ouderling moet wees?
Aantekeninge.

(1) Die Bybel.

Die Bybel vertel dat die apostels Petrus en Johannes nie vir hulle hele lewe ouderlinge van die gemeente van Jerusalem was nie. Maar die Bybel gee ook geen aanduiding van hoe lank die ampstermyn van ouderlinge sou moet wees nie. Daarom mag elke plaaslike gemeente 'n wyse besluit neem oor die ampstermyn van hulle ouderlinge.

(2) Prakties.

Ten einde misbruik van die amp van ouderling te voorkom, is 'n beperkte ampstermyn vir ouderlinge raadsaam. Dit beskerm die gemeente teen verkeerde leiers wat nie ontslag wil neem nie; dit gee hardwerkende ouderlinge 'n rustyd; en dit gee ander gelowiges 'n geleentheid om hulle leierskapsbekwaamhede in die gemeente uit te oefen. Die meeste gemeentes beperk die ampstermyn van ouderlinge tot ongeveer vier jaar. Elke jaar sou 'n kwart van die ouderlinge kon aftree en nuwe ouderlinge in hulle plek gekies kan word. So word kontinuïteit gewaarborg. Natuurlik mag 'n ouderling wat sy taak goed doen vir 'n tweede termyn herkies en heraangestel word.

D. ANDER BELANGRIKE SAKE M.B.T. DIE OUDERLINGE

1. Die dubbele eer wat aan ouderlinge gegee moet word.

Lees 1 Timoteus 5:17-18; 1 Korintiërs 9:14; Galasiërs 6:6; 1 Tessalonisense 5:12-13.
Ontdek en bespreek. Wat sê die Nuwe Testament oor die ondersteuning van ouderlinge?
Aantekeninge. Die Bybel leer dat "die ouderling wat goeie leiding gee, dubbele erkenning behoort te kry", d.w.s. nie net gerespekteer en geëer moet word nie, maar dat hulle ook die reg het op finansiële ondersteuning as hulle dit nodig het. Maar geen ouderling mag finansiële steun eis of op winsbejag uit wees nie (1 Petrus 5:2). Leke ouderlinge en voltydse ouderlinge, wat vrygestel is om hulle eie inkomste te verdien moet die gemeente bereidwillig en vrywillig dien sonder enige moontlike teken van geldsug.

Nietemin behoort 'n gemeente steun te gee aan 'n ouderling wat sy leierskapstaak goed uitvoer en die steun nodig het (1 Korintiërs 9:14; Galasiërs 6:6). 1 Timoteüs 5:17-18 regverdig nie die moderne onderskeid tussen *enersyds voltydse pastors* (priesters, dominees, voorgangers) wat aan 'n teologiese skool of Bybelskool gestudeer het en daarom 'n hoër status/posisie (en 'n salaris) kry en *andersyds die leke ouderling* wat nié so 'n opleiding gehad het nie! Hierdie Bybelgedeelte maak onderskeid tussen ouderlinge (insluitend pastore, voorgangers) *wat hulle werk goed doen* (sic!) en ouderlinge (insluitend pastore, voorgangers) wat hulle werk nie goed doen nie! Nét dié wat hulle bediening goed doen, het reg op steun. Maar al het hulle reg op steun, mag hulle hierdie steun nie van die gemeente eis nie, omdat hulle van Christus en nie van mense afhanklik behoort te wees nie (Jakobus 1:17).

2. Die gesag van ouderlinge.

Lees 1 Tessalonisense 5:12-13; Hebreërs 13:7,17; 1 Petrus 5:1-6.
Ontdek en bespreek. Wat leer die Nuwe Testament oor die gesag van die ouderlinge?
Aantekeninge.

(1) Die gesag van die ouderlinge het sy oorsprong by God.

Alle gesagsinstellings word deur God ingestel (Romeine 13:1-2). 'n Mens wat rebelleer teen 'n gesagsinstelling, rebelleer teen God en sal God se oordeel oor hulleself bring! Die gemeentelede behoort gehoorsaam te wees aan die ouderlinge, maar dan net op die terreine van hulle take (1 Tessalonisense 5:12-13; Hebreërs 13:17).

(2) Die gesag van ouderlinge is beperk.

Daar is sewe gesagsinstellings in die Bybel:

- God het absolute gesag oor alles en almal (Openbaring 1:5; 19:16).
- Die mens het gesag oor die skepping (Genesis 1:28).
- Mans het gesag oor vrouens in die huwelik (Efesiërs 5:22-24) en in die gemeentes (1 Timoteus 2:11-12; 1 Korintiërs 14:33-36).
- Ouers het gesag oor hulle kinders (Efesiërs 6:1-4).
- Die owerheid het gesag oor sy onderdane (Romeine 13;1-7).
- Werkgewers het gesag oor hulle werknemers (Efesiërs 6:5-9).

- En die ouderlinge het gesag oor die gemeentelede (1 Tessalonisense 5:12-13; Hebreërs 13:7,17).

Alle gesagsinstellings, behalwe God, is beperk (Jesaja 9:6; Filippense 2:9-11). Ouderlinge het gesag van God gekry net op die terreine van hulle Bybelse take. Die gesag wat ’n ouderling na regte het, is afhanklik van sy voorbeeld hoe hy leef, van sy geloof en van sy bediening van God se Woord (Hebreërs 13:7). Die gemeentelede mag nie ’n ouderling (leier, pastor) gehoorsaam wat sy gesag misbruik nie (2 Johannes 1:10-11; Handelinge 4:19-20; Handelinge 5:29)!

Die gesag om mense te verlos (te bevry) (Johannes 3:17), te verander (2 Korintiërs 3:18), te gebruik (Handelinge 9:15) en te seën (Johannes 15:5) behoort net aan Jesus Christus! Die gesag om mense te lei berus op die Woord van God (Psalm 119:105; Efesiërs 6:17) en die Gees (Johannes 16:13). Die gesag om geestesgawes te gee (1 Korintiërs 12:11), om spesifieke take in die gemeente en in die wêreldwye Kerk te gee (Markus 13:34; 1 Korintiërs 3:5-6) en tot besondere bedienings te roep (Galasiërs 2:8-9) berus volkome by Jesus Christus en nie by die ouderlinge nie. Die raad van ouderlinge mag ’n gemeentelid vra om biddend ’n bepaalde taak op hom te neem, maar mag hom nie dwing of téén sy wil aanstel nie. Maar alle Christene moet hulle besondere roeping en taak in die gemeente uitvoer onder toesig van die raad van ouderlinge.

3. Die verantwoordelikheid en plig om verantwoording te doen.

Lees Handelinge 14:27; 20:28; 1 Timoteus 5:19-22; Hebreërs 13:17.
Ontdek en bespreek. Wat leer die Bybel oor die verantwoordelikheid van die ouderlinge en die plig om verantwoording te doen?
Aantekeninge.

(1) Ouderlinge is verantwoordelik vir:

- hoe hulle met God saam leef
- hoe hulle met hulle gesin, hulle gemeente en samelewing omgaan
- hoe hulle hul Godgegewe take as herder/pastor, bestuurder/beheerder, leraar en dienaar uitvoer.

(2) Ouderlinge moet verantwoording aflê teenoor:

- Jesus Christus (Hebreërs 13:17)
- mekaar in die raad van ouderlinge (Handelinge 20:28)
- die hele gemeente m.b.t. die take wat die gemeentevergadering aan hulle opgelê het (Handelinge 14:27).

Ouderlinge wat sondig, moet onder tug geplaas word (1 Timoteus 5:19-20).

4. Die prioriteite van ouderlinge.

Lees Spreuke 23:4-5; Prediker 3:1; 8:5-6; Johannes 15:5; 1 Timoteus 3:4-5; Titus 1:6.
Ontdek en bespreek. Onder watter omstandighede is die prioriteite van ’n ouderling verkeerd?
Aantekeninge. Die Bybel leer dat daar ’n tyd vir alles is. Maar ouderlinge het nie net verantwoordelikhede in die gemeente nie. Hulle het ook ’n verantwoordelikheid m.b.t. hoe hulle omgaan met Jesus Christus en van Hom leer. Hulle het ‘n verantwoordelikheid om te voorsien in hulle daaglikse lewensonderhoud, maar sonder om hulle moeg te maak om ryk te word. Hulle het ’n verantwoordelikheid oor hoe hulle hulle eie gesinne bestuur. Die verantwoordelike take van die ouderling moet nooit soveel en so swaar word dat hulle ’n las op die skouers van die ouderling is wat veroorsaak dat hy sy Godgegewe verantwoordelikhede verwaarloos! Die ouderlinge behoort op mekaar ag te slaan (Handelinge 20:28) en as hy sy verantwoordelikhede as ouderling nie meer goed kan uitvoer nie, moet hy gehelp word of sy ontslag neem. As hy weier om af te tree, moet hy ontslaan word.

Samevatting. Ouderlinge word geleer om die gemeente te lei in die sin dat hulle moet toesien dat alle Godgegewe funksies in die gemeente voldoende en ordelik uitgevoer word (1 Korintiërs 14:40). Die raad van ouderlinge bestaan hoofsaaklik uit leke ouderlinge, maar één of meer van hulle mag deeltyds of voltyds as ouderlinge funksioneer. Die Bybel bepaal hulle vereiste kwalifikasies en take. Alle ouderlinge deel met mekaar die verantwoordelikhede om die gemeentelede as herders en opsieners op te pas, om die gemeente aktiwiteite te bestuur/beheer, en om God se Woord te verkondig/onderrig. Dit is verstandig om die verantwoordelikhede en take van ouderlinge te beperk, om hulle ampstermyn te beperk en toe te sien dat hulle af en toe één jaar los gemaak word, waarna hulle weer aangestel mag word.

E. DIE AANSTELLING VAN DIAKENS

Volgens die Nuwe Testament het nie elke plaaslike christelike gemeente diakens nodig nie.
Vergelyk verder Dota handleiding 4 Supplement 20.

5	GEBED (8 minute)	*[REAKSIES]*

GEBED IN ANTWOORD OP GOD SE WOORD

Bid saam met mekaar as antwoord op wat God gesê het. Laat elkeen in die kring om die beurt kort (in één of twee sinne) bid en teenoor God reageer op wat hy in hierdie byeenkoms van Hom geleer het.

6	VOORBEREIDING (2 minute) *[OPDRAGTE]* VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS

Deel die voorbereiding vir die volgende keer op ’n stukkie papier uit of laat die groeplede dit neerskryf.

1. Toewyding. Wy jou steeds daaraan toe om dissipels te maak en die gemeente van Jesus Christus op te bou.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die studie oor “Die aanstelling van kerklike leiers” saam met ’n persoon of ’n klein groepie mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer ’n halwe hoofstuk per keer uit Filippense 3 – 4 en Kolossense 1 – 2. Maak gebruik van die verkose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memorisering. Hersien twee- twee die 5 Bybelverse van die reeks F: “Voorbereiding vir die christelike huwelik.”
   (1) Beide gelowig (2 Korintiërs 6:14)
   (2) Dieselfde lewensdoel (Amos 3:3)
   (3) Selfbeheersing (1 Tessalonisense 4:3-5)
   (4) Die regte tydstip (Prediker 8:5b-6a) en
   (5) Die regte prioriteite (Matteus 6:33)
5. Bybelstudie. Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. Johannes 7.
   Maak gebruik van die vyf stappe metode en maak kort aantekeninge.
6. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifieks hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
7. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memorisering, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.